NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Aktuarius: Dr J H Ernst
Posbus 14173
LYTTELTON 0140
Tel: 012 667 3906
Sel: 083 507 7710
e-pos: jhernst@tiscali.co.za

11 Februarie 2014

Me Thea Bosman
Kommunikasie & Kantoor van die Skriba: Moderamen
Posbus 11412
UNIVERSITAS
9321

Per e-pos: kerkinfo@ngkvs.co.za

Geagte me Bosman

HANTERING VAN SIVIELE VERBINTENISSE : HUWELIKSBEVESTIGERS

U e-pos navraag van 10 Februarie 2014 verwys. 'n Leraar in diens van 'n gemeente van die Vrystaatse Sinode het by u navraag gedoen oor die hantering van siviele verbintenisse en die prosedure daaromtrent. U het vir haar 'n uitreksel aangestuur waarin aangedui word dat geen NG Kerk predikant nog ooit daarvoor by Departement Binnelandse Sake aanbeveel is nie, maar sy verlang nog inligting. U versoek hulp met die amptelike en korrekte kerk-wetlike verklaring hieromtrent sodat u vir die leraar die regte inligting kan deurgee. Die volgende word u, in reaksie op u navraag, meegedeel:

1. Burgerlike verbintenisse word burgerregtelik gereël deur die *Civil Union Act, No. 17 of 2006*, hierna genoem die *Wet*. Die Engelse weergawe word as die amptelike weergawe geag. Die *Wet* het op 30 November 2006 van krag geword.

2. Onder die woordverklaring beteken huweliksbevestiger: "(a) a marriage officer ex officio or so designated by virtue of section 2 of the Marriage Act (means the Marriage Act, 1961, Act No. 25 of 1961); or (b) any minister of religion, or any person holding a responsible position in any religious denomination or organisation, designated a marriage officer under section 5 of this Act." Subartikel (b) is verder hier van toepassing.

3. Artikel 5 van die *Wet* het as opskrif: "Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers." Die volgende word bepaal: "5. (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act. (2) The Minister may designate such

a religious denomination or organisation as a religious institution that may solemnise marriages under this Act, and must, from time to time, publish particulars of all religious institutions so designated in the *Gazette*. (3) The Minister may, on request of any designated religious institution referred to in subsection (2), revoke the designation under that subsection and must publish such revocation in the *Gazette*. (4) Die Minister and any officer in the public service authorised thereto by him or her may designate, upon receiving a written request from any minister of religion or any person holding a responsible position in any designated religious institution, as long as he or she is such a minister or occupies such position, [to be] a marriage officer for the purpose of solemnising marriages in accordance with this Act, and according to the rites of that religion."

4. 'n Bedienaar van die Woord in diens van 'n gemeente of die kerkverband, kan dus slegs aansoek doen om persone in siviele verbintenisse te bevestig, indien die NG Kerk as godsdienstige instelling in terme van die betrokke *Wet* daarom aansoek gedoen het en deur die Minister daarvoor aangewys is (met publikasie in die staatskoerant). Subartikel 5 (4) kan nie los van subartikel 5 (2) gelees en toegepas word nie en is by die uitleg van die *Wet* ondergeskik aan subartikel 5 (2). Die NG Kerk het as godsdienstige instelling nie in terme van subartikel 5 (2) sodanige aansoek gerig nie.

5. Die rede waarom die NG Kerk nie 'n aansoek tot die bevestiging van siviele verbintenisse kan rig nie, hou verband met die Algemene Sinode se Funksionele Besluit van 2007 (sien *Kerkorde 2013*, bladsy 155), naamlik "4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word. 6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie."

6. Tensy die Besluit van 2007 tot sodanige effek gewysig sou word, is dit dus nie vir 'n persoon met die bevoegdheid van bedienaar van die Woord in die NG Kerk moontlik om persone in terme van die betrokke *Wet* in siviele verbintenisse te bevestig nie. Die Algemene Sinode 2013 het opdrag aan die Moderamen gegee om in voorsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit 'n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie (sien ook *Kerkorde 2013*, bladsy 155). Die uitkoms van hierdie studie word nog afgewag en geen voortydige handeling is moontlik nie.

Die bede word uitgespreek dat hierdie advies vir u en die NG Kerk Vrystaat tot hulp sal wees.

U broer in Christus

Johann H Ernst (dr)
AKTUARIUS : ALGEMENE SINODE